

15 November 2020

Hoërskool Kategese

Rigters 4:1-23



wat wil jy vandag bereik?

Hierdie is nie 'n 'lekker maklike' storie nie.

Dit is goed om te gesels oor hoe God mans *en* vrouens in sy werk gebruik. Die Bybel bemagtig mans en vrouens om instrumente in God se hand te wees.

Gesels oor leierskap en oor hoe 'n mens 'n leier kan beoordeel.

Dis egter ook 'n geleentheid om te gesels oor wonderwerke en hoe God ons dikwels help om die 'onmoontlike' reg te kry.

Moenie te veel fokus op die wrede moord nie – maar jy hoef dit darem ook nie te vermy nie.

**Ter wille van gemeentes
wat gewoon is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.**

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Dis eksamen-tyd. Gesels gou vinnig met mekaar oor julle vrese, julle verwagtings, julle drome. Wat is die teksvers in die Bybel wat jou gewoonlik in sulke tye troos?

Vertel mekaar van 'n wonderwerk wat jy al gesien gebeur het.

Wie is vir jou 'n voorbeeld van 'n goeie leier? Hoekom? Wat maak van 'n leier, 'n *goeie* leier?

word stil

Lees Psalm 123 as 'n gebed.

Dink jy God sorg vir jou? Steur Hy Hom aan jou? Wat ook al jou antwoord is, sê vir Hom hoe dit jou laat voel.

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan) lees Rigters 4:1-23 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

As hierdie storie 'n Hollywood-fliek was wat deur Ster-Kinekor uitgereik is, wat dink julle sou die ouderdomsbepanking daarop gewees het? Hoekom dink julle is die storie in die Bybel opgeteken?

Soms vra die Here ons om iets te doen wat nie menslik gesproke sin maak nie. Barak was bang om teen sy vyande op te trek. God se profeet, Debora, was glad nie bang nie. Wat dink julle is die verskil tussen Debora en Barak? Albei is tog gelowiges? Kan julle dink aan nog sulke stories? Het die Here al ooit so iets van jou gevra?

Wat maak van Debora 'n goeie leier? Hoe stel sy vir ons 'n voorbeeld?

Iemand het gesê: "God has an uncanny way of choosing the right person at the right time to bring about God's desires. When we surrender ourselves to God, we will find both meaning and purpose." Hoekom is dit (nie) waar (nie)?

Dit was C.S. Lewis wat iewers geskryf het: "Miracles are a retelling in small letters of the very same story which is written across the whole world in letters too large for some of us to see." Wat het hy hiermee bedoel?

Die skrywer Anne Lamott skryf iewers: "When God is going to do something wonderful. God always starts with a hardship; when God is going to do something amazing, God starts with an impossibility." As dit waar is, hoekom dink jy doen God dit?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef
in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Iemand het gesê: "We don't need to charge the barricades in our lives all by ourselves." Jy hoef nie enige van jou probleme of moeilike tye alleen aan te pak nie. Die Here is altyd by jou en daarom is jy deel van 'n geloofsgemeenskap.

Hoe kan JY ander help wat dalk nou deur 'n moeilike tyd gaan?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom
waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

"Here, help my om..."

